# BERGVALLEI


AFTREELANDGOED • RETIREMENT ESTATE





# Indeks:


Welkom in die Bosveld! ..... 1
Die ontwikkelaar ..... 2
Historiese aftreelandgoedere ..... 3
Meer oor die omgewing ..... 4
Liggingskaart ..... 5
’n Gesonde, aktiewe leefstyl ..... 6
Leefstylfasiliteite ..... 7
Tegnologie ..... 8
Leefstylsentrum ..... 9
Beurtkragoplossings ..... 10
Gesondheidsdienste en versorging ..... 11
Veiligheid eerste! ..... 12
Kies jou aftreehuis ..... 14
Woonstelle ..... 15
Woonhuise ..... 16
’n Belegging wat net groei ..... 18
Effektiewe bestuur ..... 19
Antwoorde op jou vrae ..... 19

# Welkom in die Bosveld!

Die Bosveld is sinoniem met rustigheid, natuurskoon en ’n kwaliteit leefstyl.

Dit is waarskynlik waarom Bergvallei Aftreelandgoed – die veertiende in Central Developments se reeks van suksesvol ontwikkelde aftreelandgoedere – so goed inpas in die Bosveld-klimaat van die noordooste van Pretoria.

Onvergeetlike sonsondergange, die geluide van die Bosveld se ryk voëllewe, die reuk van Bosveld-bome nadat dit gereën het, ’n gevoel van geborgenheid en die gesellige samesyn van mense wat vir mekaar omgee – dit is wat jy sal ervaar wanneer jy Bergvallei Aftreelandgoed as jou aftree-adres kies. Hier gaan jy nie net liggaamlik versorg en ondersteun word nie, maar jou siel sal ook ryklik gevoed word deur die heilsame omgewing waarin jy jou bevind.



**“Los vir my daar, daar doer in die bosveld,**
**want die lewe begin, waar die teerpad eindig.**
**Onder die ou Mopanie, voel dit heilig.**
**Los vir my daar, want daar is ek veilig.”**
-Appel (Afrikaanse sanger) -

# Die ontwikkelaar


Central Developments, ontwikkelaars van Bergvallei Aftreelandgoed, is deel van die Cosmopolitan Projects en Central Developments Eiendomsgroep wat al vir meer as drie dekades eiendomsontwikkeling in Suid-Afrika doen. Dié groep fokus hoofsaaklik op die ontwikkeling van residensiële eiendom, maar het ook al verskeie kommersiële eiendomme suksesvol afgelewer. Altesaam het die groep tot op hede ongeveer 75 000 residensiële eenhede voltooi. Meer as 6 000 hiervan was aftree-eenhede wat oor die afgelope vyftien jaar in dertien verskillende aftreelandgoedere in Gauteng aan die mark beskikbaar gestel is. Al dertien aftreelandgoedere is ontwikkel in ’n volle eiendomsregmodel met volledige versorgingseenhede, leefstylsentrums en ’n verskeidenheid van leefstylfasiliteite. Central Developments se aftreelandgoedere word allerweë in die mark beskou as die beste voorbeeld van Suid-Afrikaanse aftreeontwikkelings wat die behoeftes van moderne afgetredenes verstaan en aanspreek.

Central Developments se sukses kan toegeskryf word aan hul holistiese benadering tot eiendomsontwikkeling. Hulle neem eienaarskap van al die aspekte van die ontwikkelingsproses, van die identifisering en verkryging van geskikte grond vir ’n spesifieke tipe ontwikkeling, die aanvanklike projek- en stadsbeplanning, konstruksie, projekbestuur en ook die bemarking van die eiendom. Dit, tesame met die skaalgrootte van projekte, verseker dat die ontwikkelingsproses meer effektief plaasvind sonder onnodige buite partye wat kostes opstoot en dat die eindverbruikers dus uitstekende kwaliteit en waarde vir hul geld ontvang.

Die feit dat Central Developments al duidelik bewys het wat hulle kan doen, gee aan kopers in hul nuwe ontwikkelings die gemoedsrus dat projekte nie net binne ’n billike tyd en op goeie standaard afgelewer sal word nie, maar dat hulle ook die naverkoopdiens sal ontvang wat getuig van dié ontwikkelingsmaatskappy se integriteit.

Lees gerus op www.centraldevelopments.co.za meer oor die ander projekte waarmee Central Developments tans besig is.

# Historiese aftreelandgoedere







*“Groen doringbome, fluist*
*droom ek alleen, droë lent*
*orals is skoonheid,*

*- Uit die Afrikaanse volksliedj*



ter omheen, rustige drome
temaande, sterligte aande
die lewe se seën...”

ie: “Daar doer in die Bosveld”

# Meer oor die omgewing

Die omgewing waarin Bergvallei Aftreelandgoed ontwikkel word, het oor die afgelope twee dekades geweldig gewild geword onder afgetredenes. Diegene wat hulle reeds hier kom vestig het, skryf dit toe aan die heerlike, gematigde Bosveld-klimaat en die goeie infrastruktuur van die omgewing.

Bergvallei Aftreelandgoed is in Montana Tuine in die noordooste van Pretoria geleë. Dit lê direk langs ’n **natuurpark** waar die stroompie, die Bosveld-plantegroei en die rooibokke wat daar wei, die rustigheid van die Bosveld na die stad toe bring. Bergvallei Aftreelandgoed se inwoners gaan toegang tot die **staproetes** in hierdie natuurpark hê en sal dus die natuurskoon ten volle kan geniet.

Die Montana-omgewing herinner mens steeds aan dié van ’n plattelandse dorpie waar ouer inwoners steeds gemaklik en met vrymoedigheid kan rondbeweeg. Verskeie groter kettingwinkels, kleinsake en familiebesighede wat in die omgewing handel dryf, is selfs binne loopafstand van die aftreelandgoed geleë. Omdat soveel ouer mense hulself reeds in die area gevestig het, is daar ook goeie mediese infrastruktuur in die omgewing beskikbaar.

**Van die bekendste landmerke in die omgewing is die volgende:**

| | |
|---|---|
| Food Lover’s Market Montana | 2,4 km |
| Zambezi Junction Winkelsentrum | 2,5 km |
| Kolonnade Winkelsentrum | 2,6 km |
| Netcare Montana Privaathospitaal | 3,2 km |
| Wonderboom Lughawe | 6,0 km |
| Dinokeng Wildreservaat | 31 km |

Die omgewing bied maklike en vinnige toegang tot die N1 en N4, en is slegs 60 kilometer van OR Tambo-lughawe geleë.

# Liggingskaart



# ’n Gesonde, aktiewe leefstyl

Deesdae se inwoners van aftreeontwikkelings lyk anders as dertig jaar gelede s’n. In die algemeen leef hulle langer na hul aftrede. Hulle is ook gesonder tot op ’n hoër ouderdom, is dikwels nog aktief in die arbeidsmark, is vertroud met die nuutste tegnologie en maak daarvan gebruik. Central Developments se uitdaging is om nie net op hoogte van 50-plussers se veranderende behoeftes te bly nie, maar ook om aftreelandgoedere so te ontwerp en ontwikkel dat dit daadwerklik die behoeftes van die ouer mark aanspreek.

**Bergvallei Aftreelandgoed bied aan 50-plussers, afgetree of nie, die geleentheid om ’n gesonde, aktiewe leefstyl te kan handhaaf, terwyl hulle terselfdertyd die gemoedsrus van volledige en effektiewe versorgingsdienste het. Eenhede word met volle eiendomsreg verkoop.**






Die belangrikste behoeftes wat by Bergvallei Aftreelandgoed aangespreek word, is die behoeftes aan:

- versorging
- sekuriteit
- stimulerende sosiale interaksie
- ’n gesonde, aktiewe leefstyl, en
- finansiële sekuriteit.

# Leefstylfasiliteite

Bergvallei Aftreelandgoed het 'n wye verskeidenheid fasiliteite wat dit vir inwoners moontlik maak om die **gesonde, aktiewe leefstyl** waaraan hulle gewoond is, hier voort te sit. Alhoewel die landgoed in 'n rustige omgewing geleë is, is hier min tyd vir stilsit.

Die aangrensende **Bosveld-natuurpark** bied aan inwoners ruim geleentheid om een van die **wandelroetes** te gaan stap en die rykdom van fauna en flora te geniet. Afgesien van die ryk voëllewe, mag stappers selfs nog enkele rooibokke, wat gereeld hul verskyning tussen die digte plantegroei maak, raaksien.  Vir diegene wat 'n rustiger aanslag geniet, is daar 'n restaurant en koffiewinkel op die perseel waar hulle gesellige ure met vriende kan verwyl. Die ontspanningsaal, sentrale sitkamer en biblioteek bied verdere geleentheid vir gesonde sosiale interaksie.

Bergvallei bied 'n ontspanne aftreeleefstyl vir inwoners wat hul normale aktiwiteite wil voortsit, maar terselfdertyd in 'n veilige omgewing wil woon waar hulle voldoende ondersteuning in hul latere jare kan ontvang.

**Bergvallei Aftreelandgoed se leefstylsentrum is vanaf die eerste fase ten volle operasioneel en beskik oor die volgende dienste en fasiliteite:**

- 24-Uur verswaktesorg eenheid
- Mediese spreekkamer
- Restaurant
- Koffiewinkel
- Sentrale sitkamer
- Aktiwiteitslokale vir groepsaktiwiteite
- Ontspanningsaal
- Biblioteek
- Haarsalon
- Wassery
- Kiosk
- Vervoerdiens





# Tegnologie

In moderne tye kan selfs ouer mense nie bekostig om uit voeling met die wêreld te raak nie.

Daarom bied Bergvallei Aftreelandgoed, in samewerking met 'n prominente Suid-Afrikaanse diensverskaffer as tegnologie- en netwerkvennoot, 'n optieseveselverbinding in elke wooneenheid wat aan die inwoners toegang tot hoëspoed internet gee. Die basiese pakket behels onbeperkte datagebruik teen 25 megabits per sekonde en 200 minute beltyd na enige Suid-Afrikaanse telefoonnetwerk.

In praktyk kan inwoners dit as volg aanwend:

- **Lugtyd:** skakel familie, vriende en sakekontakte op 'n bekostigbare wyse.

- **Videogeselskap:** bly in kontak met familie en vriende deur hoë kwaliteit videogeselskap en deel spesiale oomblikke virtueel.

- **Aanlynvermaak:** kyk flieks, luister na musiek en verken 'n wêreld van aanlynvermaak sonder vertragings.

- **Digitale dienste:** kry toegang tot verskeie digitale dienste soos aanlynbankdienste, inkopies en gesondheidsafsprake vanuit die gemak van jou huis.

- **Leergeleenthede:** Neem deel aan aanlynkursusse, virtuele werkswinkels en ander leerplatforms om jou kennis en vaardighede uit te brei.

# Leefstylsentrum



# Beurtkragoplossings

Die lewe sou soveel beter wees sonder beurtkrag, maar terwyl dit deel van ons wêreld is, word dit by Bergvallei Aftreelandgoed op 'n sinvolle wyse aangespreek! **Wooneenhede word uit die staanspoor met effektiewe ondersteuningstelsels toegerus wat die volgende behels:**

- 'n Sonkrag-ondersteunde elektriese geiser (slegs in die huise).
- 'n Standaard gasstoof met 'n elektriese oond in elke huis. Let wel dat die woonstelle in die woonstelblokke ter wille van veiligheid slegs met elektriese stowe toegerus word.
- 'n Elektriese ondersteuningstelsel, bestaande uit 'n omsetter en 'n litium battery, wat elke huis en woonstel tot vier ure van elektrisiteit kan voorsien om ten minste die volgende basiese toebehore in werking te hou:
    - Yskas
    - Vyf ligte
    - Televisie
    - WiFi

Dié basiese stelsel se kapasiteit kan verder deur die eienaar opgegradeer word indien hulle meer kapasiteit benodig.







1. Verkoopskantoor
2. Haarsalon
3. Biblioteek
4. Toilette
5. Sitkamer
6. Restaurant
7. Restaurant se stoep
8. Koffiewinkel
9. Kombuis
10. Ontspanningsaal
11. Restaurant se ontvangs
12. Administratiewe kantore
13. Raadsaal
14. Ingangsportaal
15. Hoofontvangs
16. Sorgeenheid se ingange
17. Spreekkamers
18. Matrone se kantoor
19. Sorgeenheidkamers
20. Verpleegsterstasie
21. Sorgeenheid se eetkamer
22. Sorgeenheid se sitkamer
23. Ambulansingang

# Gesondheidsdienste en versorging

’n Spaarwiel se waarde besef jy eers wanneer jy hom nodig het! Dieselfde geld vir goeie mediese ondersteuningsdienste wanneer jy ouer word.
Met ’n **24-uur sorgeenheid op die perseel** het inwoners die gemoedsrus dat versorging en ondersteuning binne maklike bereik is, indien hulle dit ooit sou benodig.
By Bergvallei Aftreelandgoed is die 24-uur versorgings- en ondersteuningsdienste reeds vanaf die eerste fase in werking. Die sorgeenheid op die perseel word deur ’n spesialiskontrakteur bedryf wat met ’n verskeidenheid versorgingsdienste waarde tot die lewens van die inwoners toevoeg. Inwoners betaal ook slegs vir die dienste wat hulle gebruik.

**Die volgende dienste word vanuit die sorgeenheid aangebied:**
- 24-Uur verswaktesorg.
- Demensiesorg.
- Tuisversorgingsdienste.
- Spreekkamerdiens.
- Gesondheidsorgkliniek.
- 24-Uur noodondersteuning d.m.v. ’n paniekknoppie.

**Om in ’n aftreelandgoed met ’n gespesialiseerde verswaktesorgeenheid op die perseel te woon, hou verskeie voordele in:**
- Inwoners is ten alle tye verseker van **voorkeurtoegang** tot die sorgeenheid en tuisversorgingsdienste.
- Die koste van versorging is meer **bekostigbaar** as hospitaalversorging. Omdat die hele sorgeenheid deur die ontwikkelaar ontwikkel en toegerus word, lewer die operateur hul dienste teen ’n meer bekostigbare tarief as wat algemeen in die mark beskikbaar is.
- Omdat daar reeds ’n sorgeenheid met personeel op die perseel beskikbaar is, kan die **tuisversorgingsdienste** meer koste-effektief aangebied word.
- In ’n noodgeval kan inwoners onmiddellik deur middel van die 24-uur paniekknoppie hulp van gekwalifiseerde personeel ontbied.
- Inwoners word in staat gestel om met gepaste ondersteuning so lank as moontlik **selfstandig** in hulle eie huise te woon.
- Waar een persoon van ’n egpaar versorging benodig, kan dit **binne maklike bereik** van die ander persoon geskied – selfs tuis. Dit stel egpare in staat om so lank as moontlik saam te woon en mekaar te ondersteun.
- Inwoners het daagliks toegang tot die **advies van gekwalifiseerde mediese personeel** by die gesondheidsorgkliniek.
- ’n **Dokter** is gereeld per afspraak by die spreekkamer op die perseel beskikbaar en kan maklik bereik word sonder om die landgoed te verlaat.



# Veiligheid eerste!

Die veiligheid van jou geliefdes en dít waarvoor jy jou lewe lank gewerk het, is belangrik. Bergvallei Aftreelandgoed maak van tegnologies gevorderde toerusting gebruik om toegang tot die landgoed te beheer en die grense van die landgoed te beveilig sodat inwoners rustig en met gemoedsrus in die landgoed kan leef en beweeg.

**Die volgende sekuriteitsmaatreëls is in plek:**

- 24-Uur sekuriteit.
- 24-Uur patrollies.
- 24-Uur paniekknoppies.
- Effektiewe toegangsbeheer.
- Geëlektrifiseerde heinings op die grensmure.
- ’n Bemande kamerastelsel op die grensmure en -heinings.





# Kies jou aftreehuis

Bergvallei Aftreelandgoed bied aan voornemende inwoners ’n **verskeidenheid wooneenhede in verskillende groottes en uitlegte** om van te kies. Die eenhede word in ’n kontemporêre styl gebou met siersteen en teëldakke om toekomstige onderhoud te minimaliseer. Pragtige wandelpaaie, parke en uitgelegde tuine rondom die eenhede bring die natuur as’t ware tot op elke wooneenheid se drempel.

Die huise het ‘n standaard sonkraggeiser, terwyl sowel huise as woonstelle toegerus is met ‘n rugsteunstelsel wat verligting tydens beurtkrag bring.












# Woonstelle

Een- en tweeslaapkamerwoonstelle bied aan voornemende kopers 'n meer bekostigbare opsie om in 'n aftreelandgoed met volledige versorgings- en ondersteuningsfasiliteite af te tree. Tydens die ontwerp van die woonstelle was die fokus om eenhede wat sonnig, ruim en veilig is, te skep. Met gesellige kuierstoepe, veilige onderdakparkering en hysbakke met noodkragondersteuning, is die woonstelle die ideale keuse vir diegene vir wie veiligheid, bekostigbaarheid en goeie ondersteuning belangrik is.




## Woonstel 1A/B

| | |
|---|---|
| Woonstel | 35 m² |
| Stoep/Balkon | 5 m² |
| **Totaal** | **40 m²** |




## Woonstel 2A/B

| | |
|---|---|
| Woonstel | 51 m² |
| Stoep/Balkon | 5 m² |
| **Totaal** | **56 m²** |




## Woonstel 2D/E


| | |
|---|---|
| Woonstel | 58 m² |
| Stoep/Balkon | 12 m² |
| **Totaal** | **70 m²** |

* Alle groottes is 'n aanduiding van die totale voetafdrukke van eenhede.

* Die vloerplanne in hierdie brosjure is slegs 'n uittreksel uit die beskikbare planne.'n Volledige reeks vloerplanne is by die bemarkingskantoor beskikbaar.

# Woonhuise

Bergvallei Aftreelandgoed bied ook ’n wye verskeidenheid huise in een-, twee- en drieslaapkamerkonfigurasies. Die kleiner, meer bekostigbare huise het ’n motorafdak, terwyl die groter huise enkel- en dubbelmotorhuise het. Huise se inwoners het toegang tot hul eie tuine en mag ook ’n troeteldier aanhou. Elke huis het ’n noorde stoep met plaveisel. Indien ’n koper dit so verkies, kan die oop stoep van die begin af met ’n afdak toegemaak word en ’n netjiese braaier met ’n skoorsteen kan gebou word.




## Huis 1A

| | |
|---|---|
| Huis | 50 m² |
| Stoep | 6 m² |
| Motorafdak | 13 m² |
| **Totaal** | **69 m²** |




## Huis 2A

| | |
|---|---|
| Huis | 54 m² |
| Stoep | 6 m² |
| Motorafdak | 13 m² |
| **Totaal** | **73 m²** |




## Huis 2E

| | |
|---|---|
| Huis | 85 m² |
| Stoep | 11 m² |
| Motorhuis | 19 m² |
| **Totaal** | **115 m²** |

* Alle groottes is ‘n aanduiding van die totale voetafdrukke van eenhede.

* Die vloerplanne in hierdie brosjure is slegs ’n uittreksel uit die beskikbare planne.’n Volledige reeks vloerplanne is by die bemarkingskantoor beskikbaar.





# Huis 3A-G

| | |
|---|---|
| Huis | 85 m² |
| Stoep | 11 m² |
| Motorhuis | 40 m² |
| **Totaal** | **136 m²** |




# Huis 3B

| | |
|---|---|
| Huis | 95 m² |
| Stoep | 11 m² |
| Motorhuis | 40 m² |
| **Totaal** | **146 m²** |




# Huis 3C

| | |
|---|---|
| Huis | 110 m² |
| Stoep | 13 m² |
| Motorhuis | 40 m² |
| **Totaal** | **163 m²** |

* Alle groottes is ‘n aanduiding van die totale voetafdrukke van eenhede.

* Die vloerplanne in hierdie brosjure is slegs ’n uittreksel uit die beskikbare planne.’n Volledige reeks vloerplanne is by die bemarkingskantoor beskikbaar.

# ’n Belegging wat net groei

’n Belegging in aftree-eiendom is in vele opsigte soos die Bosveld se kremetartbome. Laasgenoemde bied nie net skuiling, veiligheid en voedsel aan ’n verskeidenheid diere en selfs mense nie, maar is sterk, standvastig en groei tot verbasende hoogtes – selfs deur droogtes!

*Bergvallei Aftreelandgoed bied uitstekende beleggingsgeleenthede – nie net vir mense wat self hier wil bly nie, maar ook vir beleggers opsoek na goeie groei en opbrengste, kinders wat vir ouers wil koop en mense wat nou reeds wil koop om later hier te kom woon.*

Die hoër lewensverwagting van diegene wat deesdae aftree en die feit dat die Suid-Afrikaanse openbare sektor se ondersteuningsdienste nie meer voldoende is om in die behoeftes van afgetredenes te voorsien nie, stimuleer die groot vraag na aftree-eiendom, soos Bergvallei Aftreelandgoed, met behoorlike ondersteuningsfasiliteite en volle eiendomsreg. Hierdie groot vraag tesame met die uiters beperkte aanbod daarvan in die mark, verseker dat hierdie aftree-eiendom die belegger dubbel en dwars sal beloon.

Buiten die normale voordele van eiendomsbelegging, bied ’n aftree-eiendom die bykomende voordeel dat dit ook deur die beleggers self of hul familie gebruik kan word. Omdat Central Developments se aftreeontwikkelings ook volle eiendomsreg bied, en nie net lewensreg soos by baie ander aftreefasiliteite nie, kan dit ook van een geslag na die volgende oorgedra word en só ’n belangrike deel van ’n familie se langtermyn finansiële beplanning word.



Oor die afgelope 15 jaar het verskeie beleggers in Central Developments se aftreeontwikkelings reeds voordeel getrek uit die bogemiddelde kapitaalgroei en huurinkomste van hul eiendom. Bewese beleggingsopbrengste van soveel as 20% per jaar is reeds behaal. Daar is geen rede waarom ’n belegging in ’n Bergvallei eiendom nie net so goed, of selfs beter, kan presteer nie. Bergvallei se eiendom val in die meer bekostigbare gedeelte van die eiendomsmark waar pryse steeds groei toon en die vraag steeds heelwat groter as die aanbod is.

Met ’n verhuringsmark wat steeds baie lewendig is, geniet aftree-eiendomsbeleggers die gemoedsrus dat daar altyd ’n groot vraag na hul huureiendom sal wees. ’n Noemenswaardige voordeel wat hierdie beleggers ook geniet, is ’n goeie profiel huurder wat hul eiendom goed oppas, hul huur getrou betaal en verkies om vir ’n langer termyn te huur.

**Kom gesels gerus met een van ons konsultante by die verkoopskantoor oor ’n belegging in Bergvallei Aftreelandgoed.**

# Effektiewe bestuur

Kenmerkend van Central Developments se aftreelandgoedere, is die feit dat daar groot klem op doeltreffende bestuur geplaas word. Bergvallei Aftreelandgoed word onder toesig van die huiseienaarsvereniging se direksie deur CSi Property Management bestuur. Laasgenoemde spesialiseer in die dag-tot-dag bestuur van al die landgoed se fasiliteite en dienste en bestuur tans twaalf van Central Developments se veertien aftreelandgoedere. Hul bestuursdiens sluit die volgende in:

- Invordering van heffings en finansiële bestuur.
- Die aanstelling en bestuur van die diensverskaffers om kwaliteit dienste binne die aftreelandgoed te verseker, byvoorbeeld die sorgeenheid- en mediese dienste, restaurantdiens, sekuriteit, tuindienste, asook onderhoud en instandhouding.

**Goeie bestuur verseker dat inwoners hulself met gemoedsrus hier kan vestig, wetend dat daar oor die langtermyn goed na hulle en hul belange omgesien sal word.**



# Antwoorde op jou vrae

Voornemende kopers en inwoners is welkom om Bergvallei Aftreelandgoed se verkoopskantoor te besoek en alles waaroor hulle mag wonder met ons vriendelike konsultante te kom bespreek.

**Enkele vrae wat gereeld gevra word, is die volgende:**

- **Hoe oud moet ek wees om hier te kan koop en hier te mag woon?**
  Enige persoon wat ’n wettige kooptransaksie kan sluit, mag eiendom in Bergvallei Aftreelandgoed koop. Inwoners moet egter vyftig jaar of ouer wees. Waar een lid van ’n egpaar ouer as vyftig is en die ander jonger, kwalifiseer die jonger huweliksmaat ook om in die oord te woon. Kinders onder die ouderdom van vyftig mag egter nie by hul ouers inwoon nie.

- **Mag ek my eenheid uitverhuur?**
  Jy mag die eenheid aan ’n huurder wat ouer as vyftig is, uitverhuur. CSi Rentals lewer ’n eenstopverhuringsdiens as deel van ons diens aan kopers. Hulle verhuur eenhede en bestuur die verhurings namens die eienaars. Eienaars mag ook van ander verhuringsagentskappe gebruik maak of kan self hulle verhurings bestuur.

- **Vir watter maandelikse uitgawes is ek as eienaar verantwoordelik?**
  Eienaars van eenhede het die volgende uitgawes:
  - Maandelikse verpligte heffing.
  - Basiese eteheffing en dataheffing (vir etes en data wat gebruik word).
  - Eiendomsbelasting.
  - Elektrisiteit (voorafbetaalde meter).

  Dit is vir die meeste inwoners in Central Developments se aftreelandgoedere verblydend dat hul maandelikse uitgawes gewoonlik minder is as by die eiendom waarin hulle voorheen gewoon het. Kom gesels gerus met ons konsultante om meer inligting te kry oor die heffings.

- **Wat word van die eiendom as ek te sterwe kom?**
  Jy koop volle eiendomsreg en nie lewensreg nie. Gevolglik kan jy die eiendom in jou testament aan jou erfgename bemaak. Hulle kan besluit of hulle dit self wil bewoon (indien hulle ouer as vyftig is), of hulle dit as belegging wil verhuur, of wil verkoop.

- **Hoe werk dit as ek die eiendom weer wil verkoop?**
  Jy mag jou eie agent gebruik om die eiendom vir jou te bemark. Nadat die agentekommissie betaal is, is 3.5% van die verkoopprys as heffing betaalbaar in ’n heffingstabilisasiefonds. Dié fonds word aangewend om die jaarlikse styging in uitgawes en die gevolglike stygings in heffings te stabiliseer. Dit is belangrik dat die aftreelandgoed se jaarlikse stygings in heffings goed bestuur word sodat dit steeds vir inwoners bekostigbaar bly om daar te woon.

- **Waarom is daar verpligte etes?**
  Een van die belangrikste behoeftes in ’n aftreelandgoed is die voorsiening van voedsame maaltye op ’n bekostigbare en betroubare basis. Veral ouer inwoners is grootliks afhanklik van die etes wat daagliks verskaf word. Deur ’n klein aantal etes vir al die inwoners verpligtend te maak, word die restaurant se diensverskaffer, wat nie deur normale heffings gesubsidieer word nie, verseker van ’n konstante vloei van besigheid wat dit dan vir hulle moontlik maak om ’n bekostigbare en lewensvatbare diens te lewer. Inwoners in aftreelandgoedere waardeer oor die algemeen die voordeel van die goedkoper, betroubare etes wat verskaf word.

- **Hoe gaan ek te werk om ’n eiendom in die aftreelandgoed te koop?**
  Nadat ’n koper besluit het op ’n geskikte eenheid, word ’n koopsooreenkoms voltooi. Sewe dae na ondertekening van die koopsooreenkoms, moet ’n deposito van 10% van die koopprys in die oordragsprokureurs se bankrekening inbetaal word. Daarna moet die koper binne 30 dae ’n waarborg van ’n finansiële instelling of ’n bewys van ’n goedgekeurde verband vir die balans van die koopsom aan die oordragsprokureurs lewer. Alle gelde word in die oordragsprokureurs se rekening inbetaal waar dit in trust gehou word tot en met die oordrag van die eenheid in die koper se naam. Gelde word ook met die koper se toestemming in beleggings gedeponeer waar dit tot voordeel van die koper beter rente kan verdien. Bevestig asseblief telefonies met die prokureur hul rekeningbesonderhede alvorens enige oorbetalings gemaak word.

- **Wie is die oordragsprokureurs?**
  Van Rensburg Prokureurs Ingelyf hanteer die oordragte van eenhede. Die firma bestaan sedert 1991 en is in Pretoria gebaseer. Van Rensburg Prokureurs hanteer reeds vir talle jare oordragte in Central Developments se ontwikkelings en is bekend vir die professionele wyse waarop hulle ons kliënte bystaan.

*Na die Bosveld lok my droom —*
*Droombeeld nooit verlore*
*Waar Magalakween nog stroom*
*Stroom soos vantevore.*
*‘k Hoor die môrewind se lied*
*en die rietbok in die riet*
*Aldeur in my ore.*

*- Uit: Die Lokstem van die Bosveld, AG Visser*

Bergvallei Aftreelandgoed bied ’n unieke aftreegeleentheid
- vir ’n gesonde, aktiewe leefstyl,
- in ’n positiewe sosiale omgewing,
- naby die natuur in ’n Bosveld-atmosfeer,
- wat bekostigbaar is,
- met beurtkragoplossings,
- en die gemoedsrus van 24-uur versorging en
- effektiewe sekuriteit.

## Bergvallei Aftreelandgoed is daagliks op skou.

Besoek gerus die skou-eenhede en die verkoopskantoor vir meer inligting.
Skakel 0600 867 314
of besoek

retirenow.co.za

Volg ons op Facebook
@Retirenow.co.za

central



Alle kunswerk deur Stan Polson geskilder